SKOLE
ondersteuningsentrum

Kleuterskoolnavorsing 2022

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

Inleiding 1
Doel van die verslag 2
Literatuurstudie 2
Metodiek 3
Bevindinge 3
Demografie van die kleuterskool 3
Ouderdomsgroepe by kleuterskole geakkommodeer 4
Registrasie van kleuterskole 4
Affiliasie van kleuterskole 6
Demografie van onderwysers 7
Ervaring van onderwysers 7
Akademiese kwalifikasies van onderwysers 8
Ontwikkeling van onderwysers 9
Finansiële aspekte 11
Gemiddelde maandelikse salaris van onderwysers 11
Bronne van inkomste 12
Kurrikulum 13
Leerprogram 13
Dagprogram 13
Fasiliteite by skole beskikbaar 14
Eksterne aktiwiteite 16
Die rol van taal 17
Belangrikheid van moedertaalonderrig 18
Druk om te verengels 18
Hoe klasse opgedeel word 19
Uitgebreide invloed van taal 19
Uitdagings 21
Gevolgtrekkings 22
Aanbevelings vir verdere studie 23

Inleiding

Goeie kleuterskoolonderrig lê die grondslag vir ’n leerder se skoolloopbaan. Afrikaanse kleuterskole is nie net die primêre voedingsbron vir Afrikaanse onderwys nie, maar ook die belangrikste taalkeuse wat ouers namens hulle kinders maak – ’n vroeë maar finale taalkeuse.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) het in 2018 navorsing oor Afrikaanse kleuterskole gedoen. Hierdie verslag van die SOS, in samewerking met die Afrikaanse Onderwysnetwerk (AON), is ’n opvolg op die navorsing wat toe gedoen is.

Doel van die verslag

Daar is voortdurend druk op Afrikaanse skole om te verengels. Afrikaanse ouers vererger die situasie onwetend deur reeds op kleuterskoolvlak te kies om hulle kinders in Engelse of tweetalige kleuterskole te plaas.

As kleuters in Engels begin skoolgaan, besluit die ouers makliker om daardie kinders na Engelse laerskole, hoërskole en tersiêre opvoedingsentrums te stuur. Kleuterskole besluit dikwels om finansiële redes om meertalig te word, om meer leerders te kry of om kleuters wat soms nie eens Engels magtig is nie, te akkommodeer).

Literatuurstudie

Vroeë kinderontwikkeling vind plaas in die kritieke stadium in ’n kind se lewe tussen geboorte en die ouderdom van ses jaar. Onlangse navorsing beklemtoon dat die sukses van ’n kind se ontwikkeling en latere leer bepaal word deur die vroeë ontwikkeling van die kleuter se brein. ’n Kind se brein ontwikkel in die eerste vyf lewensjare vinniger as gedurende die daaropvolgende lewensjare. Dink maar aan alles wat ’n baba moet aanleer, soos taal en syferbegrip, en die ontwikkeling van hul groot en klein spiere.

Tussen geboorte en die ouderdom van vyf jaar ontwikkel kleuters al die vaardighede om hul gereed te maak vir lewenslange leer. Dit sluit in dissipline, struktuur, ontwikkeling van geheue, wiskundige vaardigheid, taalvaardigheid, ens. Kinders wat maksimaal gestimuleer word, vaar beter op skool omdat die grondslag reeds gelê is. Vroeë kinderontwikkeling beteken dus dat ’n jong kind in die eerste vyf lewensjare maksimaal gestimuleer moet word.

In die lig van die kritiese ontwikkelingsperiode tussen geboorte en ses jaar is dit belangrik om baie aandag aan VKO te gee, en so in ons land se kinders te belê.

'n Onlangse internasionale studie bevestig die kommer van kenners omtrent leerders in Suid Afrika se geletterdheid. Die Progressie in Internasionale Leesgeletterdheidstudie (PIRLS) het bevind dat 78% van Graad 4-leerders in Suid-Afrikaanse skole nie met begrip kan lees nie. Suid Afrika het die swakste gevaar van die 50 lande wat aan die PIRLS-studie deelgeneem het.

Die redes vir Suid-Afrikaanse leerders se swak geletterdheidsvlakke is legio. Die professionele ontwikkeling van opvoeders word as een van die redes aangevoer waarom leerders in Suid Afrika se geletterdheidsuitslae ontoereikend is. Alle beroepe vereis professionele ontwikkeling, en die onderwys is geen uitsondering nie. Hoewel kwaliteit onderwys van verskeie faktore afhang, bly die onderwyser die belangrikste bepaler van gehalte onderwys. Effektiewe, volhoubare en doelgerigte professionele ontwikkeling verseker kwaliteit onderwys.

Die primêre doel van hierdie verslag is om agtergrondinligting oor kleuterskole te verskaf, sodat in hulle primêre behoeftes voorsien kan word. Die uiteindelike doel van die navorsing is om meer gefokusde, uitgebreide dienste aan kleuterskole te bied en om 'n besigheidsmodel vir die ondersteuning van Afrikaanse kleuterskole te ontwikkel.

Metodiek

Vraelyste is digitaal onder bestaande databasisse van die AON, SOS, SA Childcare en VVOS aankleuterskole regoor die land versprei. Die vraelys het uit 34 vrae bestaan. Vrae was oorwegend kwantitatief, maar daar is op verskeie plekke geleentheid gegee vir respondente om hulle keuse te verduidelik en addisionele inligting te verskaf. Reaksie is van 421 kleuterskole terugontvang.

Bevindinge

Demografie van die kleuterskool

Die meerderheid van kleuterskole wat aan die studie deelgeneem het, is in Gauteng (43%) geleë, gevolg deur die Wes-Kaap (15%), Noordwes (10%), Mpumalanga (10%) en Limpopo (8%).

Die kleuterskole wat deelgeneem het aan die studie het gemiddeld 83 leerders in die skool. Die gemiddelde klasgrootte in kleuterskole is 18 leerders.

Ouderdomsgroepe by kleuterskole geakkommodeer



Figuur 1 Ouderdomsgroepering van kleuterskole

Die kleuterskole het verskillende ouderdomsgroepe waarop hulle fokus. In 30% van kleuterskole word leerders vanaf 3 maande tot Graad R (6 jaar) geakkommodeer. ’n Verdere 27% akkommodeer leerders vanaf 3 maande tot Graad RR (5 jaar) en bied nie Graad R (6 jaar) -opleiding aan nie, moontlik omdat skole hiervoor by die DBO moet registreer. Die ouderdomsgroep vanaf 18 maande tot Graad RR (5 jaar) en 18 maande tot Graad R (6 jaar) word deur onderskeidelik deur 14% en 11% van kleuterskole geakkommodeer. Die ouderdomsgroep Graad RRR (4 jaar) tot Graad R (6 jaar) word deur 13% van kleuterskole geakkommodeer. Slegs 3% van kleuterskole bied uitsluitlik Graad R aan en 2% bied klasse aan vir die 3 tot 18 maande-groep.

Uit die groep van 421 kleuterskole het 325 (77%) aangedui dat hulle nie deel is van ’n bestaande laerskool nie, terwyl 95 (23%) wel deel vorm van ’n laerskool. Kleuterskole wat Graad R aanbied, is meer geneig om verbonde te wees aan ’n laerskool met 75% wat aangedui het dat hulle deel vorm van ’n bestaande laerskool. Verder het slegs 25% van kleuterskole wat nie ’n Graad R-opsie het nie, aangedui dat hulle verbonde is aan ’n laerskool.

Registrasie van kleuterskole

Tans val kleuterskole, wat nie deel van laerskole is nie, onder die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO). Daar word vereis dat kleuterskole by dié departement moet registreer, tensy die skool deel vorm van ’n laerskool in welke geval die skool dan ook by die Departement van Basiese onderwys (DBO) moet registreer. Slegs Graad R verbonde aan ’n laerskool kon tot op hede net by die DBO geregistreer, sonder dat dit nodig was om by die DMO te registreer.



Figuur 2. Registrasie by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Respondente is gevra of hulle by die DMO geregistreer is. Vanuit 429 respondente het 21 (4,9%) die vraag nie beantwoord nie. Dit is nie duidelik waarom hierdie respondente gekies het om die vraag nie te beantwoord nie. Uit 408 het 50% aangedui dat hulle wel by die DMO geregistreer is terwyl 38% aangedui het dat hulle tans besig is met die registrasieproses. Slegs 13% het aangedui dat hulle nie by die DMO geregistreer is nie. Van die 13% wat nie by die DMO geregistreer is nie, is slegs 4% verbonde aan ’n laerskool, wat ’n moontlike aanduiding kan wees waarom hierdie skole dus nie by die DMO geregistreer is nie.

Vanuit die navorsing is gevind dat een van die grootste uitdagings wat kleuterskoolhoofde ondervind, die registrasieproses is. Hulle noem dat die proses lank vat en dat hulle hulp hiermee benodig. Die afleiding kan dus gemaak word dat die rede waarom so ’n groot aantal skole tans besig is met die registrasieproses, is omdat die proses omslagtig is en weens gebrek aan reaksie van die DMO nie vinnig afgehandel kan word nie.

Wetgewing met betrekking tot registrasie is onlangs gewysig, sodat alle vroeë kinderontwikkelingsdienste en -programme in 2022 vanaf die DMO na die DBO oorgedra word. Die skuif in administratiewe regte, bevoegdhede en funksies van dié sektor vind amptelik op 1 April 2022 plaas. Van die 411 respondente wat die vraag beantwoord het, het 94% aangedui dat hulle bewus is van die skuif, wat slegs 6% laat wat nie van die veranderde wetgewing bewus is nie. Verskeie skoolhoofde het egter genoem dat hulle onseker voel oor die skuif, omdat hulle nog baie min kommunikasie van die DBO ontvang het om die proses te verduidelik.

Affiliasie van kleuterskole

Die kleuterskole se netwerke blyk uitgebreid te wees. In die eerste plek is gekyk of die kleuterskole verbonde is aan ’n laerskool. Ongeveer 23% van kleuterskole is deel van ’n laerskool.



Figuur 3 Affiliasie van kleuterskole

Met betrekking tot affiliasies is 139 kleuterskole (26%) betrokke by die SOS, 157 (21%) by SA Childcare en 105 (14%) by die Suid-Afrikaanse Onderwysunie. Verder is 97 (13%) van die kleuterskole by die Vereniging vir voorskoolse opvoeding en sorg (VVOS) betrokke en 69 (9%) by Solidariteit. Ander organisasies wat deur kleuterskole genoem is, is EduXSA, Afrikaanse Christelike Vroueverenigging (ACVV) en die ATKV.

Demografie van onderwysers



Figuur 4 Getal onderwysers per kleuterskool

Die 421 kleuterskole wat deel vorm van die navorsing, is verteenwoordigend van 1 393 onderwysers. Die meerderheid van kleuterskole (51%) het tussen 2 en 5 onderwysers, gevolg deur 32% van kleuterskole met 6 tot 10 onderwysers per skool. Slegs 2% van kleuterskole het meer as 20 onderwysers en 3% het slegs een onderwyser per skool.

Let wel: Administratiewe personeel is apart getel.

Ervaring van onderwysers



Figuur 5 Werkservaring van onderwysers

Volgens die skoolhoofde het 39% van onderwysers tussen 5 en 10 jaar ervaring, gevolg deur 30% van die onderwysers wat meer as 10 jaar ervaring het. ’n Verdere 23% het tussen 3 en 5 jaar ervaring en slegs 8% het minder as 3 jaar ervaring.

Akademiese kwalifikasies van onderwysers

Opleiding van onderwysers is in vier kategorieë verdeel waarvan die hoogste kategorie ’n graad is, daarna ’n naskoolse diploma of sertifikaat, dan ’n Nasionale Senior Sertifikaat. Die laagste kwalifikasie is minder as matriek.



Figuur 6 Akademiese kwalifikasie van onderwysers

Vanuit die data blyk die oorgrote meerderheid onderwysers by kleuterskole ten minste oor ’n nasionale senior sertifikaat te beskik, asook ’n naskoolse diploma of sertifikaat. Die meerderheid kleuterskoolonderwysers beskik wel oor ’n naskoolse kwalifikasie. Die meeste onderwysers het ’n diploma of sertifikaat, gevolg deur onderwysers met grade. Dit is nie duidelik of die kwalifikasies wel verband hou met kleuterskoolopleiding nie. Dit is interessant dat skole waar die onderwysers ten volle gegradueerd is, nie noodwendig deel vorm van ’n laerskool nie.. Daar bestaan nie tans ’n graad vir vroeë kinderopleiding nie, maar wel ’n B.Ed Grondsalgfase-graad wat ’n persone vir onderrig in Gr. R – 3 kwalifiseer. Die afleiding wat gemaak kan word is dat gekwalifiseerde onderwysers met ’n graad, heelwaarskynlik oor ’n B. Ed-graad beskik. Dit is ook moontlik dat sommige kleuterskoolonderwysers met ander B.Ed-grade, of onverwante grade, skoolhou. Daar is geen spesifikasies vir die kwalifikasies van kleuterskoolonderwysers by die DMO nie.

Bykans alle onderwysers blyk matriek te hê, met enkele uitsonderings. Die feit dat daar wel onderwysers by kleuterskole is wat nie ’n nasionale senior sertifikaat het nie, is kommerwekkend. Dit is nie wenslik dat

persone met geen kwalifikasie, as onderwysers met kinders werk waar gespesialiseerde kennis en vaardigheid vereis word nie. Dit is onduidelik by watter ouderdom kleuters hierdie ongekwalifiseerde onderwysers geplaas is.

Van die skole wat aangedui het dat al hulle personeel oor grade beskik, is slegs 24 kleuterskole verbonde aan 'n laerskool. Van die 61 skole wat aangedui het dat die meerderheid van hul personeel oor 'n graad beskik, is 19 verbonde aan 'n laerskool. 'n Totaal van 23 kleuterskole wat aangedui het dat die minderheid of geen van hul onderwysers gegradueerd is nie, het ook aangedui dat hulle verbonde is aan 'n laerskool. Hieruit kan afgelei word dat kleuterskole verbonde aan laerskole nie noodwendig gekwalifiseerde onderwysers aanstel nie.

Ontwikkeling van onderwysers



Figuur 7. Bywoning van opleidingsgeleenthede

Skole is gevra of hulle oor 'n ontwikkelingsplan beskik vir hulle onderwysers en 59% het aangedui dat hulle wel 'n plan het, terwyl 41% nie tans 'n plan in plek het nie. Die skole is volgende gevra hoe gereeld onderwysers opleidingsgeleenthede bywoon. Die meerderheid skole (63%) het aangedui dat hul onderwysers ten minste een of twee maal per jaar opleidingsgeleenthede bywoon. Slegs 9% van skole het aangedui dat hul onderwysers nooit opleidingsgeleenthede bywoon nie. 'n Totaal van 119 skole (28%) het aangedui dat hulle onderwysers kwartaalliks, of selfs meer gereeld, opleidingsgeleenthede bywoon. Op grond hiervan word aanneem dat kleuterskole dit belangrik ag om hul personeel deurlopend te laat oplei, sodat die kwaliteit onderrig deurentyd op 'n spesifieke standaard kan bly of kan verbeter.



Figuur 8 Beskikbaarheid van opleidingsgeleenthede vir onderwysers

In ’n oop vraag, wat 393 (92%) van skoolhoofde beantwoord het, is gevra of kleuterskoolhoofde voel daar is genoegsame opleidingsgeleenthede beskikbaar vir hul onderwysers. ’n Totaal van 282 hoofde se antwoorde word in bostaande grafiek voorgestel. Uit die 282 hoofde het 54% gevoel dat daar nie genoeg geleenthede vir opleiding is nie terwyl 43% aangedui het dat daar wel genoeg geleenthede is.

Sommige skole het aangedui dat hulle te ver is om opleidingsgeleenthede fisies te kan bywoon.
Dit is interessant dat baie skole nie oor ’n ontwikkelingsplan vir onderwysers beskik nie, maar dat hulle verdere ontwikkeling en opleiding wel as belangrik beskou en onderwysers na sulke geleenthede stuur. Dit is duidelik dat ’n behoefte vir sodanige opleiding en ontwikkeling bestaan. Die afleiding wat gemaak word, is dat skole onderwysers inskryf om opleidingsgeleenthede by te woon soos wat dit aan hulle bekend raak, eerder as om doelgerigte programme op te stel en dan na gepaste opleidingsgeleenthede gaan soek.

Respondente is in ’n volgende vraag oor onderwysersopleiding gevra in watter onderwerpe hulle meer opleidingsgeleenthede sal wil sien. Slegs 281 (67%) hoofde het die ope vraag beantwoord.
Response was uiteenlopend. Assesserings en dissipline word oorwegend genoem, terwyl lesbeplanning en klaskameraktiwiteite of lesaanbieding ook ’n groot behoefte is. Die hantering van ouers word ook deurlopend genoem, asook die hantering van kinders met leergestremdhede, emosionele uitdagings en veral ADHD of ADD. Opleiding van assistente is ook as behoefte uitgelig. Vanuit die antwoorde kan afgelei word dat hoofde die ontwikkeling en opleiding van hul personeel as belangrik ag. Hulle het ’n duidelike

behoefte daaraan om hulle onderwysers toe te rus om met die kinders te kan werk en aan hulle die beste onderrig te verskaf.

Finansiële aspekte

Gemiddelde maandelikse salaris van onderwysers



Figuur 9. Gemiddelde maandelikse salaris van onderwysers

Vanuit 421 skole het 123 (29%) aangedui dat hul personeel 'n maandelikse salaris van tussen R5 001 en R7 500 ontvang. Dieselfde hoeveelheid skole het ook aangedui dat hul gemiddelde salaris van onderwysers tussen R2 501 en R 5000 is. 70 skole(17%) het aangedui dat hulle onderwysers gemiddeld tussen R7 501 en R10 000 per maand ontvang, terwyl 68 (16%) van skole se onderwysers tussen R10 001 en R15 000 ontvang. Slegs 24 skole (6%) se onderwysers ontvang 'n salaris van meer as R15 001 terwyl slegs 13 skole se personeel R2 500 of minder per maand ontvang.

Uit verdere ontleding is gevind dat 19 van die 24 skole wie se onderwysers meer as R15 000 salaris ontvang, deel vorm van 'n laerskool. Dit is nie duidelik of dit departementele laerskole of privaat laerskole is nie. Die afleiding kan gemaak word dat kleuterskole oor die algemeen nie salarisse bo R15 000 per maand kan bekostig nie. Vir kleuterskole wat deel vorm van laerskole is hierdie salarisse moontlik meer bekostigbaar, omdat die kleuterskool en laerskool as 'n geheel funksioneer en dus 'n groter aantal leerders het wat skoolfonds betaal. In hierdie gevalle word fasiliteite gedeel en behoort kleuterskole dus ook nie huuruitgawes te hê vir die perseel nie, wat kontant beskikbaar stel vir hoër salarisse.

Bronne van inkomste



Figuur 10. Bronne van inkomste vir kleuterskole

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is drie vorme van inkomste geïdentifiseer naamlik skoolfonds, skenkings en fondsinsamelings. Die 403 (91%) van die skole het aangedui dat tussen 75 en 100% van hul inkomste, gegenereer word deur skoolfonds te hef . Slegs drie (<1%) skole maak staat op skenkings as die vir 75 tot 100% van hulle inkomste. Vanuit die 421 skole het 34 (8%) aangedui dat hulle staatmaak op fondsinsamelings vir 75 tot 100% van hulle inkomste.

Vanuit die data wil dit voorkom of meeste skole hul uitgawes vanuit die skoolfonds wat gehef word dek. Omdat die meerderheid skole onafhanklike skole is en dus nie verbonde aan 'n laerskool is nie, blyk fondsinsamelings en skenkings nie 'n fokus te wees nie en spits hulle, hulself eerder op 'n besigheidsmodel toe waar dienste gelewer word teen 'n ooreengekome prys. Fondsinsamelings is waarskynlik slegs 'n aanvulling tot inkomste en sporadies om spesifieke projekte te befonds.
Dit is ook moontlik dat die Covid-19-pandemie en die staat van inperking die vermoë om fondsinsamelings te hou tot so 'n mate geaffekteer het, dat die meerderheid skole nie meer op hierdie vorm van inkomste kan staatmaak nie.

Kurrikulum

Leerprogram



Figuur 11 Leerprogramme deur kleuterskole

Kleuterskole is gevra of hulle behoefte het aan ’n nuwe leerprogram en 60% het aangedui dat hulle nie tans ’n leerprogram kort nie. Die gewildste leerprogramme wat respondente gebruik, is ELDAS (31%), gevolg deur die KABV (17%). Verder maak 10% van kleuterskole gebruik van ELDAS sowel as die KABV. Nog ’n gewilde leerprogram is die *Day by day*-leerprogram wat bestaan uit tema vir leerders ouer as 18-maande.

Dagprogram



Figuur 12. Lengte van program

Daar het 268 respondente (52%) het aangedui dat hulle van ’n halfdagprogram gebruik maak. Van hierdie respondente het 144 (28%) aangedui dat hulle wel ’n naskoolopsie aan ouers bied. Naskoolopsies behels gewoonlik nie ’n verdere leerprogram nie en kinders speel meestal onder toesig op die speelterrein. Die struktuur van die middag sluit gewoonlik slaaptyd en etenstyd in.. Minder as die helfte van respondente (47%), het aangedui dat hulle skole ’n voldagprogram aanbied. Dit beteken dat leerders die hele dag met aktiwiteite en spesifieke tydsindelings in ’n bepaalde roetine funksioneer. Dit is onduidelik of die middagprogram enige gefokusde leerprogramme bevat en of die speel met opvoedkundige speelgoed of op die speelterrein as deel van die program beskou word.

Fasiliteite by skole beskikbaar



Figuur 13. Fasiliteite beskikbaar vir leerders

Kleuterskoolhoofde is gevra om aan te dui watter fasiliteite binne skole beskikbaar is. Respondente kon meer as een opsie uit ’n lys van 14 opsies kies. Fasiliteite wat die meeste by kleuterskole beskikbaar is, is klimrame en swaaie (403), ’n sandput (383), toerusting vir fyn motoriese aktiwiteite (393), storie- of feiteboeke (395) en blokke, blokkies (Lego) of konstruksieapparaat (396). Ander fasiliteite sluit in waterbakke, fietse (skopfietse, driewiel, ens.), wipplanke, grasperk, rekenaars of tablette, musiekinstrumente, toerusting vir groot motoriese aktiwiteite, apparaat vir fantasiespel en sagte speelgoed.

Klimrame blyk die belangrikste apparaat te wees vir kleuterskole. ’n Totaal van 403 skole het aangedui dat hulle oor hierdie apparaat beskik. Slegs 13 skole het nie klimrame en swaaie nie. Die gebruik van

klimrame word oor die algemeen benut vir die ontwikkeling van groot motoriese vaardighede asook ruimtelikeoriëntering.

Die meeste skoolhoofde stem saam dat die bou van strukture met blokkies belangrik is vir die ontwikkeling van kleuters. Behalwe dat dit fyn motoriese vaardighede ontwikkel, speel probleemoplossing tydens die bouproses 'n belangrike rol in die voorontwikkeling van Wiskunde.

Lees word ook as belangrik geag en 396 skole het aangedui dat hulle oor feite- en storieboeke beskik. Alhoewel meeste kleuters nie kan lees nie, word die luister van stories hoog aanbeveel as aanvangslees aktiwiteit, Dit kweek by kinders 'n liefde vir lees en boeke en is voordelig vir die ontwikkeling van verbeelding en kreatiwiteit.

Soveel as 393 skole het aangedui dat hulle toerusting vir fyn motoriese aktiwiteite het. Hierdie apparaat sluit gewoonlik vorms in wat kleuters met veters kan ryg, of pennetjies wat hulle in borde met gaatjies druk.

Nog 'n gewilde buite-fasiliteit is 'n sandput. Tot 383 skole het aangedui dat hulle oor 'n sandput beskik. Kinders se tassintuig word hierdeur gestimuleer, terwyl vrye spel gewoonlik in die sandput aangemoedig word. Kinders speel gewoonlik met grafies, emmertjies, vorms en ander speelgoed binne die sandput.
Dit is opvallend dat nie alle skole 'n grasperk het waar kinders kan speel nie. Musiekinstrumente is ook nie oral beskikbaar nie. Musieklesse word egter in sommige skole as aktiwiteit uitgekontrakteer aan spesialiste wat lesse by skole aanbied.

Eksterne aktiwiteite



Figuur 14 Skedulering van eksterne aktiwiteite

'n Neiging in kleuterskole is die aanbied van aktiwiteite deur eksterne konsultante teen 'n bykomende fooi. Slegs 34 (8%) kleuterskole bied geen eksterne aktiwiteite aan nie. By 309 (76%) van kleuterskole word die ekstra aktiwiteite as deel van die skooldag se program aangebied. Daar is wel leerders wat nie die ekstra aktiwiteite kan bywoon nie, veral weens finansiële redes. Hierdie leerders se ontwikkeling word dus hierdeur geraak, want hulle word dikwels nie in hierdie tyd doeltreffend besig gehou nie.



Figuur 15 Gewildste eksterne aktiwiteite

Die gewildste eksterne aktiwiteite is balsporte, met 347 kleuterskole wat iets soortgelyk aanbied. Dit sluit in sokker, rugby en aktiwiteite deur instansies soos PlayBall en Minisport. Die tweede gewildste aktiwiteit is dansklasse, wat by 211 kleuterskole aangebied word. Dit sluit in ballet en moderne dans en word aangebied deur organisasies soos Dance Mouse. Swemklasse is by 190 kleuterskole 'n opsie. Gestruktureerde klim- en klouterklasse is populêr by 188 kleuterskole en fokus op leerders se groot motoriese vaardighede.

Die rol van taal



Figuur 16 Onderrigtaal van kleuterskool

Die onderrigtaal van kleuterskole wat aan die studie deelgeneem het, is oorwegend Afrikaans (46%). 'n Verdere 44% bied onderrig in Afrikaans en Engels aan en 10% bied slegs in Engels onderrig aan.

Belangrikheid van moedertaalonderrig



Figuur 17 Belangrikheid van moedertaalonderrig

Die belangrikheid van moedertaalonderrig is ondersoek deur respondente te vra om aan te dui hoe belangrik is moedertaalonderrig vir hulle. Die meerderheid van kleuterskole (80%) het aangedui dat dit baie belangrik is en 'n verdere 12% het dit as belangrik beskryf. Slegs 2% beskou moedertaalonderrig dit as onbelangrik en 7% is neutraal.

Druk om te verengels



Figuur 18 Ervaring van druk om te verengels

Kleuterskole is gevra om aan te dui of hulle druk vanaf ouers ervaar om te verengels. Die meerderheid van kleuterskole ervaar nooit (37%) of baie min (28%) druk om te verengels. Slegs 11% ervaar baie gereeld druk om te verengels. Hierdie skole is almal onafhanklike kleuterskole en nie verbonde aan 'n bestaande laerskool wat 'n formele taalbeleid in plek het nie.

Hoe klasse opgedeel word



Figuur 19 Verdeling van klasse

Ten spyte van kleuterskole se besef van die belangrikheid van moedertaalonderrig, word kleuters in 86% van gevalle volgens ouderdom gegroepeer en slegs in 9% volgens ouderdom en taal. Die oorblywende 5% word as een groot groep hanteer.

Uitgebreide invloed van taal

Invloed van taal op beskouing van moedertaalonderrig

Die waarde van moedertaalonderrig word verskillend beskou deur kleuterskole met verskillende onderrigtale. Kleuterskole waar onderrig slegs in Afrikaans geskied, sien moedertaalonderrig as baie belangrik, terwyl Engelssprekende kleuterskole meestal neutraal staan teenoor moedertaalonderrig. Kleuterskole waar daar in Afrikaans en Engels onderrig word, sien moedertaalonderrig oorwegend as belangrik.

Invloed van taal op onderwysers se salaris



Figuur 20 Gemiddelde salaris van onderwysers volgens onderrigtaal

Alhoewel die onderrigtaal geen direkte korrelasie met die skoolfonds het nie, het dit 'n invloed op die salaris van onderwysers. Onderwysers wat by kleuterskole werk met Afrikaans as die enigste onderrigtaal, verdien gemiddeld R7 948, gevolg deur kleuterskole waar slegs in Engels onderrig word en 'n gemiddelde salaris van R6 864 verdien word. Kleuterskoolonderwysers wat by tweetalige skole werk, verdien die minste en ontvang 'n gemiddelde salaris van R6 529 per maand.

Invloed van taal op opleidingsgeleenthede



Figuur 21 Invloed van taal op bywoning van opleidingsgeleenthede

Die bywoning van gehalte opleidingsgeleenthede speel 'n belangrike rol in die akademiese sukses van 'n kleuterskool. Onderwysers by tweetalige skole woon die minste opleidingsgeleenthede by, gevolg deur Engelse kleuterskole. Onderwysers by Afrikaanse kleuterskole woon die meeste opleidingsgeleenthede by.

Invloed van taal op onderwyserkwalifikasie



Figuur 22 Kwalifikasie van onderwysers volgens onderrigtaal

Afrikaanse kleuterskole het die grootste persentasie onderwysers met graadkwalifikasies, gevolg deur tweetalige skole. Engelse kleuterskole het die grootste persentasie nagraadse diplomas en tweetalige skole het die grootste persentasie onderwysers met minder as matriek as kwalifikasie.

Uitdagings

Kleuterskoolhkoolhoofde is in 'n oop vraag gevra wat die grootste uitdaging is wat hulle ondervind. Temas wat deurlopend opduik, is ouers, finansies, personeel en die registrasieproses. Dit blyk dat hoofde dikwels voel dat ouers nie "saamwerk" nie. Baie hoofde ondervind ook probleme met ouers wat nie skoolfonds betaal nie. Finansies word deurentyd as uitdaging genoem. Skole vind dit oor die algemeen moeilik om hul personeel te bekostig en ander uitgawes te dek.

Wat personeel betref, lyk dit of die grootste uitdaging die bestuur en ontwikkeling van personeel is, ten spyte daarvan dat min kleuterskole oor formele ontwikkelingsplanne vir onderwysers beskik.

Kommer word ook uitgespreek oor laerskole wat jonger kinders inneem en veroorsaak dat kleuterskole se klasse nie vol is nie. Kleuterskole word soms meertalig, omdat hulle hul klasse wil vol maak.

Die oorgang en registrasie van kleuterskole na die DBO, word ook as uitdaging genoem. Daarnaas sukkel hoofde om hul skole geregistreer te kry. Een respondent het selfs aangedui dat hulle al vir drie jaar sukkel om te geregistreer by die DMO. Daar heers onsekerheid oor die nuwe registrasieproses en aan watter vereistes kleuterskole sal moet voldoen om te kan registreer. Die finansiële implikasies wat aan hierdie registrasie gekoppel sal wees, is ook 'n bron van kommer vir baie respondente. Die koste en uitdagings verbonde aan voldoening aan COVID-vereistes, word ook genoem.

Taalvaardigheid word slegs deur vyf respondente as uitdaging voorgehou. Een respondent verduidelik dat kleuters wat nie Afrikaans magtig is nie, vir haar skool 'n uitdaging is terwyl 'n ander sê:
"Ouers wat hul leerders in Afrikaans wil onderrig, maar self nog nie die taal kan praat nie."
'n Respondent uit die platteland, het genoem dat dit 'n uitdaging is "*om 'n Afrikaanse skool te bly*".

Gevolgtrekkings

Skoolhoofde wat aan die studie deelgeneem het, is passievol oor hul skole. Uit die antwoorde oor uitdagings blyk dit dat werkbare oplossings eerder gesoek word, as wat skole bloot aanpas by omstandighede, bv. verandering in taalbeleid omdat die kleuterskool druk ervaar.

Dit wil voorkom of een van die grootste uitdagings vir kleuterskole 'n gebrek aan genoegsame opleiding is. Die opvoeding van kleuters vereis persone met voldoende kwalifikasie en ondervinding, ten einde 'n kwaliteit diens aan die ouers te lewer. Daar is nie 'n graad-kwalifikasie vir vroeë ontwikkeling nie, wat dalk een van die redes is waarom deurlopende opleiding so 'n groot behoefte en uitdaging vir skoolhoofde is. Finansies speel ook moontlik hier 'n rol. Persoon met tersiêre kwalifikasies verlang 'n hoër salaris as wat sommige kleuterskole kan bekostig.

Die verdere vraag is of 'n gestandaardiseerde graadkwalifikasie moontlik hierdie gaping kan oorbrug. Deurlopende ondersteuning en professionele ontwikkeling van kleuteronderwysers deur instellings soos die Skoleondersteuningsentrum se Kleuterskoolvereniging, lewer 'n waardevolle bydrae om die gehalte van Afrikaanse kleuterskole te verseker en kennis van onderwysers aan te vul.

Hoewel kleiner klasse in VKO ideaal is, bring dit die uitdaging mee dat salarisse van personeel baie laag is of dat kleuterskole nie kan bekostig om genoeg personeel aan te stel om klasse klein te hou nie. Die aanduiding is reeds dat baie skole probleme ondervind om skoolfonds te verhaal sodat hulle hul uitgawes, waarvan salarisse die grootste is, kan dek.

Baie kleuterskole het genoem dat hulle getalle krimp omdat kleuters by laerskole se Graad. RR en RRR inskakel, ter wille van toelating in graad een. Dit noodsaak sekere kleuterskole om hul taalaanbod aan te pas, om meer Engelse kleuters te trek en klasse vol te hou. Dit is dan ook een van die redes waarom tweetalige klasse ontstaan en kleuters in beide tale onderrig ontvang. Op die manier word die positiewe effek van moedertaalonderrig in VKO beperk.

Voertaal beïnvloed die waarde-oordrag, dissipline en sosialisering in 'n skool. Onderwaardering van moedertaalonderrig in SA het 'n negatiewe effek op prestasie. Dit het tot gevolg dat Suid-Afrika telkens die swakste vaar in internasionale vergelykende studies in taal en wiskunde. Moedertaalonderrig versterk kleuters se sosiale identiteit en selfvertroue om hulself te handhaaf in 'n groep.

Dit blyk vir skoolhoofde belangrik te wees om kwaliteit moedertaalonderrig te bied. Hulle verstaan dat kleuters deur ouderdom-spesifieke ontwikkelingsfases gaan en dat elke fase sy eie unieke behoeftes het wat aangespreek moet word. Kleuterskole staar egter soms uitdagings in die gesig wat hulle noop om van moedertaalonderrig af te wyk. Ondersteuning van kleuterskole om Afrikaanse te bly, sal ongetwyfeld 'n positiewe bydrae maak tot die gehalte van die vroeë ontwikkeling van Afrikaanse kleuters.

Die aanbeveling is dat Afrikaanse kleuterskole deel raak van 'n netwerk soos die SOS se kleuterskolevereniging en Solidariteit se beroepsgildes, sodat voortgesette leer en opleiding, asook ondersteuning aan onderwysers, hoofde en skole gebied kan word. Dit is wenslik dat 'n tersiêre instansie 'n formele graadkwalifikasie ontwikkel. 'n Netwerk van Afrikaanse kleuterskole, waarby verskeie rolspelers en belanghebbendes betrokke is, sal nie net positief vir die onderwysers wees nie, maar veral tot voordeel van die kleuters wees, nie net vanaf 3 maande tot 6 jaar nie, maar vir hul hele skoolloopbaan, verdere studies en hul loopbaanpad daarna.

Aanbevelings vir verdere studie

Om ten einde die doeltreffendheid van die VKO-stelsel te bepaal is dit nodig om die skoolgereedheidsvlakke van leerders wat Graad R sowel as Graad 1 toe gaan te ondersoek. Hierdie verslag kan dus opgevolg word deur navorsing by laerskole te doen om te bepaal watter vaardighede

meer voldoende aangespreek moet word. Die SOS se Kleuterskoolvereniging kan betrek word om opleiding asook hulpbronne te ontwikkel met hierdie doel voor oë.

UITVOERENDE HOOF
Leon Fourie • leon@skole.co.za

HOOF: ONTWIKKELING
Melanie Buys • melanie@skole.co.za

HOOF: OPLEIDING
Hugo Vermeulen • hugo@skole.co.za

HOOF: INNOVASIE
Valentyn van der Merwe • valentyn@skole.co.za

NAVORSER & SKAKELBEAMPTE
Marlien van der Westhuizen • marlien@skole.co.za

MEDE-NAVORSERS
Johnell van Vollenhoven johnell@solidariteit.co.za
Dr. Jurie Joubert joubertjurie36@gmail.com

GRAFIESE ONTWERP & UITLEG
Aksent Media • aksentmedia@vodamail.co.za

Hoewel die grootste sorg geneem is om die akkuraatheid van die uitslae asook hierdie verslag te verseker, mag tegniese foute ingesluip het. Kontak ons gerus indien u 'n tegniese fout vermoed.